

31 Desember

Skrifgedeelte: Daniël 2:36-45

Fokusgedeelte: Daniël 2:44

Ons verwag die koninkryk wat vir altyd sal bestaan

Die verloop van die geskiedenis word gekenmerk deur 'n gedurige stryd om mag. Dikwels word niks ontsien om die mag te bereik nie. Ander mense se behoeftes en belange word geïgnoreer en selfs vertrap. Selfs dié wat in God glo, word verdruk en ook vervolgt.

Gelowiges kan egter onder alle omstandighede daaraan vashou dat alle heerskappy aan God behoort. Hy is die magtige God in die hemel. Tegelykertyd hou Hy Hom besig met gebeurtenisse op die aarde en met ons.

Die een ryk na die ander volg mekaar op, want menslike mag is van verbygaande aard. Alle maghebbers sal uiteindelik soos die magtige Nebukadnesar moet erken dat God die eintlike regeerder is.

As gelowiges kan ons uitsien na die andersoortige koninkryk waarin daar met onreg afgereken sal word en geregtigheid sal seëvier. Hierdie ryk van God het in 'n voorlopige stadium aangebreek toe Hy sy Seun as koning na die aarde toe laat kom het. In hierdie koninkryk is daar ware bevryding. Ons Koning het sy belange opgeoffer vir dié oor wie Hy regeer.

Ook ons, wat sy vyande was, deel in sy liefde. Hy kom weer. Dan sal sy mag en sy liefde ten volle geopenbaar word.
Sing: Psalm 50:1, 3 (1936)

Prof JL Helberg (Emeritus)